VOLKSBLAD
11 Oct 2012, p.4

Onderrigsentrum in Heidedal geopen

Christal-Lize Thomas

NIKS in die lewe is kosbaarder as kennis nie. Jong mense kan hoop op 'n blink toekoms en nie toelaat dat hul huidige omstandighede hul toekomsdrome beperk nie.

Met dié boodskap het prof. Russel Botman, rektor van die Universiteit van Stellenbosch (US), Woensdagaand die US se eerste telematieseonderrigsentrum in die Vrystaat in Heidedal, Bloemfontein, bekend gestel.

Die US en die Wes-Kaapse onderwysdepartement (WKOD) se telematiese leerstelselprogram (afstandonderrig) werp al die afgelope drie jaar by 147 skole in die Wes-Kaap vrugte af.

Bykomende klasse gaan nou ook weekliks en oor naweke deur onderwysers van die WKOD per satelliet van die US-kampus aan gr. 11- en gr. 12-leerlinge aan die hoërskole Dr. Blok, Petunia en Heatherdale in Heidedal aangebied word.

Botman, 'n boorling van Heidedal en oudleerling van die destydse Laer- en Hoërskool Dr. Blok (nou die Hoërskool Dr. Blok) is 'n Vrystater in murg en been en het steeds noue bande met die plaaslike gemeenskap.

Die idee om die telematiese sentrum in die Vrystaat op die been te bring, het 'n werklikheid geword nadat Botman, die oudste van vyf kinders, se suster Crace Aoetaan, 'n onderwyser aan Dr. Blok, hom gevra het om betrokke te raak en 'n verskil in dié gemeenskap te maak.

Dr. Antoinette van der Merwe, senior direkteur van die US se telematiese dienste, demonstreer hier die telematiese uitsendingproses by die Hoërskool Dr. Blok. Foto: CONRAD BORNMAN